*Scriptura 25 (1988), 23-35*

# TEKSTUALITEIT EN BETEKENISVEELHEID IN BYBELSE TEKSTE

**J H Hunter**
**Universiteit van Namibië**

## Abstract

*The deconstructionist notion of textuality opens new horisons for the interpretation of biblical texts. While the plurality of meaning is accepted as typical feature of any text, the treatment of the text in its individuality opens the possibility of establishing meaning with the full acknowledgement of intertextual dissemination.*

## 1. Inleiding: teks en interpretasie

Bybelse interpretasie verkeer reeds geruime tyd in 'n soort metodologiese ongemaklikheid. Eksegese skipper tussen die behoud van 'n sogenaamde konserwatiewe benadering tot die Bybelteks (wat veral sterk vashou aan die outoriteit van die Bybelteks en die inspirasie van die geskrewe Woord) aan die een kant, en die moontlikhede wat geopen word deur nuwe interpretasiemetodes aan die ander kant.

Die tweespalt tussen opvattings oor die interpretasie van die Bybel het nog sterker na vore getree met die publikasie van Childs se *Introduction to the Old Testament as Scripture* (1979). Die reaksie op die boek wissel van waardering (bv Blenkingsopp 1980; Murphy 1980; Sheppard 1974) tot skerp kritiek (bv Barr 1980; en sekere punte van Landes 1980). Natuurlik het die breuk reeds vroeër ontwikkel met reaksie wat op die histories-kritiese benadering ontstaan het en die nuwe klem op inspirasie (bv King 1873; Bloesch 1980). Pogings om die histories-kritiese en konserwatiewe benaderings te versoen, kom ook na vore, soos die evangelies-kritiese benadering van Armerding (1983).

Maar die inbreek van strukturalisme in die Bybelinterpretasie lei 'n era in waarin geargumenteer word vir die prioriteit van die teks. Aan die teks word voorkeur gegee bo die historiese agtergrond (waarmee ook bedoel word die outeur en sy situasie) van die teks (vgl in dié verband veral Crossan 1977, wat as vyfde proposie in sy artikel stel: 'structural analysis is logically prior to historical analysis'). In die strukturalistiese paradigma word dus op teksimmanente interpretasie klem gelê.

Die konsentrasie op die teks alleen, of by voorkeur, het die gaping tussen die konserwatiewe benadering tot Bybelse eksegese en die ander (soms sekulêr of liberaal genoem- vgl bv Sheppard 1974) benaderings nog meer verbreed. In eersgenoemde benadering is dit juis 'n eksterne outeur wat bepalend meewerk in die op-skrif-stel-proses, en dit is hierdie outeur wie se intensie bepalend is vir die betekenis van wat geskryf is. Die outeur se ingeplante betekenis moet dan ontdek word om die regte betekenis van 'n Bybelteks te verstaan (vgl bv Bloesch 1980; Brown 1980; King 1973).

Die fokus op die teks wat deur die strukturalistiese eksegese voorop gestel is, het juis probeer wegbeweeg van die ontdekking van outeursintensie. De Saussure, die vader van die strukturalisme (vgl bv Bovon 1974; Lyons 1973:6; Maren-Grisebach 1970:101), meen elke linguistiese uiting bestaan uit die volgende: 'n teken (*signifier*), wat die uitdrukking is, en 'n betekende (*signified*), wat die waarde is wat aan 'n teken toegeken kan word (vgl bv Detweiler 1978:18; Donato 1974:154). Wanneer tekens in 'n teks gebruik word, verkry hulle betekenis deur hul samesyn met ander tekens in 'n uitspraak, van watter omvang ook al (morfeem, someem, sin, ens - vgl Detweiler 1078:18). Deur na ander tekens te kyk waarmee 'n teken saam in 'n uitdrukking verskyn, word die betekenis van die teken bepaal. Die teken verkry sy betekenis deur na die verhouding te kyk waarin die teken tot ander tekens staan. Betekenis bestaan so in die verhouding wat gevind word tussen verskillende tekens (vgl bv Lyons 1973:6). Betekenis word verkry in verhoudings en daarom in die verskille tussen verskillende tekens. Die betekenis van 'n teken word dus verkry in die ontdekking van sy andersoortigheid van ander tekens (vgl bv Culler 1975:11; De Saussure 1961; Thompson 1981:9).

Wat egter van belang is vir hierdie bespreking, is dat betekenis in strukturalisme 'n teksaangeleentheid is. Betekenis, al is die vasstelling daarvan relatief van aard (dit word ontdek in verhoudings, en daarom op grond van die verhoudingsmatige vasstelling van die betekenis van die volgende teken en so in die verskil van die teken met ander tekens rondom hom), word vasgestel deur alleen op die teks te konsentreer. Alleen in taal, in die teks, kan betekenis vasgestel word. Eksterne faktore, soos outeursintensie en historiese oorweging wat belangrik mag lyk by betekenisvasstelling, word deur die strukturalis as onbelangrik beskou (vgl bv Bovon 1974:16; Ray 1984:111).

Derrida, wat beskou word as die vader van dekonstruksie (Young 1981:15), neem die tekenleer van die strukturaliste nog verder om 'n teksteorie te ontwerp waarin die teks verabsoluteer word, maar ook oor die grense van wat normaalweg as teks verstaan word, beweeg word. By betekenissoeke moet slegs op die teks en die konsekwensies van so 'n radikale konsentrasie op die teks gefokus word.

Hierdie teksteorie van dekonstruksie en die gevolge daarvan vir die lees van Bybveeltekste word verder onder die soeklig geplaas. Hierdie ondersoek word gedoen deur eers te fokus op die metodes wat 'n teksteorie aanhang waarteen dekonstruksioniste juis in opstand gekom het. Daarna word tekstualiteit, soos dit in dekonstruksie funksioneer, verduidelik. Psalm 50 word as voorbeeld uit die Bybel

bespreek om aan te dui hoe die teksteorie van dekonstruksie in die toepassing op 'n Bybelteks funksioneer.

## 2. Die teenpool: die soeke na enkelvoudige betekenis

Konserwatiewe benaderings tot interpetasie gaan uit van die standpunt dat die Bybelteks 'n geïnspireerde Woord is met intensionele betekenis van die Heilige Gees daarin vervat (vgl bv Johnson 1984:426). Dit beteken dat die taak van die eksegeet daarin lê om hierdie betekenis te ontdek. Die betekenis wat op dié (geïnspireerde) wyse in die teks ingeplaas is, moet slegs ontdek word deur onbevange na die teks te luister. Die fout lê by die mens indien die betekenis van 'n betrokke gedeelte nie suiwer oorkom nie. In die konserwatiewe benadering is daar dus sprake van 'n enkelvoudige betekenis wat deur die teks 'gedra' word (vlg bv die artikel van Klooster (1984).

Maar, ten spyte van die feit dat strukturaliste hulle toespits op die teks, en hulle só in opposisie met die konserwatiewe benadering kom, pretendeer hulle dieselfde betekenisverwagting van die teks, naamlik betekenisenkelvoudigheid. By hulle word die betekenisenkelvoudigheid slegs op 'n ander wyse ontdek.

Die strukturalistiese benadering hou voor dat hulle objektiewe of klare betekenis kan verkry deur hul manier van die bestudering van die teks (vgl bv De Man 1983:107; Hillis Miller 1974:144; Ray 1984:120). Daar kan 'n finale of onweerlegbare betekenis verkry word deur die bestudering van 'n teken binne die verbande waarin dit voorkom. Natuurlik word hierdie objektiewe betekenis ook vir die strukturaliste moontlik deur hul opvatting van taalstruktuur. Daar bestaan naamlik vir enige taal 'n objektiewe outonome taalsisteem (*langue*). Hierdie is die totaliteit van taalmoontlikhede (grammatikaal en struktureel) wat mag bestaan vir 'n taal. Alle taaluitdrukkings in reële taal word onttrek uit hierdie taalsisteem, of vanuit hierdie sisteem gekonstrueer. Reële of aktiewe gebruikte uitdrukkings van taal word *parole* genoem, en dié uitdrukkings kry hul logika in struktuur en betekenis vanuit die feit dat hulle in werklikheid niks anders is as 'neerslae' van die bestaande objektiewe *langue* nie (vgl bv Culler 1975:8; Nida 1972:82).

Die siening wat die strukturaliste aangaande tekste huldig, geld natuurlik vir enige teks - ook die Bybelkteks. Sonder om geskiedenisaspekte van die teks in ag te neem, kan objektief klare betekenis bepaal word deur die tekenverbintenisse binne tekstuele verband na te gaan. Sowel die strukturaliste as die konserwatiewe Bybelbenadering het as doel die ontdekking van eenvoudige betekenis. Die dekonstruksie-benadering betwyfel die moontlikheid van betekenisenkelvoudigheid, en wel op grond van hulle benadering tot tekste.

## 3. Tekstualiteit in tekste

In die dekonstruksiebenadering (hier as oorkoepelende term beskou vir die verskillende moontlike posisies binne dekonstruksie, vgl in hierdie verband bv

Felperin 1986:119; Leitch 1983:96) tot tekste word tekstualiteit veral beklemtoon as tipiese kenmerk van tekste. Hiermee word nie net bedoel die strukturalistiese teksimmanente benadering nie. Die teksimmanente ontleding van die strukturaliste verkry betekenis deur die funksionering van verhoudings en strukture van die tekens in die teks te ondersoek. Slegs deur die tekens in hul verbande in die teks voor die interpreteerder te ondersoek, word 'n genoegsame aanduiding vir die vasstelling van betekenis verkry (vgl hierbo).

Tekstualieit in die dekonstruksiebenadering sluit die totale korpus van invloede in wat medebepalend is in die skryf van 'n teks en dus in die produksie van die teks. Volgens Derrida sluit tekstualiteit selfs die mens met byvoorbeeld sy psigiese, kulturele en sosiale bepaaldheid in (vgl Derrida 1973:34). Jefferson (1982:107) stel dit soos volg: 'There is nothing outside the text. There is no outside the text: if language is not governed by something outside, nor are individual texts.' Niks lê buite tekstualiteit nie. Alles is teks. In hierdie verband meen Riddel dat Derrida die wêreld tekstualiseer, of anders gestel: hy reduseer die hele wêreld tot 'n teks '...in the sense that language is the inescapable reduction and that the concept "world", like "life", "experience", "perception", etc, is originarily metaphorical, or metaphysical and hence textual'(Riddel 1079:242; vgl ook Leitch 1983:100). Tekstualiteit sluit daarom meer in as net 'n gegewe perikoop, hoofstuk of boek wat bestaan uit woorde en strukture van taal en grammatika. Tekstualiteit oorskry die grense van wat normaalweg as ('n) teks verstaan word. Teks is nie bloot wat geskryf is en wat waargeneem word wanneer gelees word nie. Tekstualiteit sluit selfs ongeskrewe gegewens in wat meegespeel het in die skepping of produksie van die teks. Hierdie gegewens word nie noodwendig bewustelik ingedra in die teks nie. Leitch (1983:124) noem onbewustelike meespeel van gegewens in die teks 'n 'kulturele Onbewuste' wat inspeel op tekstuele skepping.

## 4. Tekstualiteit en intertekstualiteit

Die direkte korrelatief, of beter gestel, 'n integrale deel van tekstualiteit in die dekonstruksiebenadering, is intertekstualiteit. 'n Teks is nie outonoom nie. Dit kan op geen wyse onafhanklik tot stand kom nie. Die betekenis van 'n teks lê daarom ook nie opgesluit in die parameters wat vir 'n werk gestel is nie (sien die onderskeiding tussen 'werk' en 'teks' verderaan):'The "work", now called *text*, explodes beyond stable meaning and truth toward the radical and ceaseless play of infinite meanings spread across textual surface-dissemination'(Leitch 1983:105).

Intertekstualiteit beklemtoon dat tekste slegs deur ander tekste gelees kan word (cf bv Derrida 1979:107). Die totale betekenispotensiaal van 'n teks is nooit in homself opgesluit nie. Tussen die lyne wat geskryf is, staan ander tekste, ondervindings, invloede, ideologieë, ens. Daar kan gepraat word van 'n soort versteekte agenda agter elke teks. Die agenda beïnvloed betekenis beslissend.

In die produksie van 'n teks word voortdurend op ander tekste teruggegryp (en reeds ook vooruitgegryp). Daarmee saam kom 'n verskuilde agenda in werking wat die skrywer se woordkeuse, woordordening, strukturele inkleding en dus sy

betekenisskepping beïnvloed. Die verskuilde agenda behels natuurlik nie net die skrywer se persoonlike keuses en verstaan nie, maar ook die omstandigheidsinvloede op byvoorbeeld maatskaplike, sosiale, godsdienstige en tegnologiese gebiede wat deel is van die maatskappy waarin die skrywer hom in 'n sekere tydsgewrig bevind.

By hierdie teruggrype (bewustelik of onbewustelik) op 'n verskuilde agenda kom egter nog 'n belangrike gegewe by. Die 'gebruik' van die verskuilde agenda is 'n interpretasie-aksie wat noodwendig betekenis (reg of verkeerd, eensydig of oorbeklemtoond) heg aan 'n verskuilde agenda. Hoe hierdie proses van gebruikmaking van, of meespeel in die proses van betekenisskepping deur 'n verskuilde agenda ook al plaasvind, is moeilik na te speur of selfs definieerbaar. Selfs die skrywer is nie altyd bewus van alles wat sy teksskepping beïnvloed nie.

Maar die intertekstuele gekompliseerdheid word nog meer bemoeilik deur die feit dat taal self die eienskap bevat dat dit meervoudige betekenis verwek (vgl bv Ullman 1962). Dit beteken dat 'n skrywer uiteindelik nie die enigste skepper van betekenis binne 'n teks is nie. Betekenis raak veelvuldig en word verskuif na intertekstuele areas of sake wat meespeel in die skepping van die teks. Hierdie verskuiwing (*deferrance*) van betekenis weg van die woorde self voor die leser, word disseminasie genoem. Die disseminasie van betekenis (die verskuiwing van die betekenis van 'n teks oor ander tekste heen) ondergrawe enkelvoudige betekenis en dus die direkte kommunikasie van die teks.

## 5. 'Teks' en 'werk'

Omdat die 'teks' deur disseminasie (die gedurige verskuiwing van betekenis deur die opening van nuwe moontlikhede as gevolg van intertekstualiteit van die teks) 'n onstabiele aangeleentheid raak, moet daar 'n onderskeid gemaak word tussen die teks en die gegewe fenomeen wat in die vorm van 'n boek, artikel, dokument, ens, voor die leser verskyn (vgl Barthes 1981:39 e v). Teks is meer as net 'n boek of artikel. Dit verwys na die totaalwaarde van 'betekenissing' (die voortdurende betekenisverskuiwing van die tekens). Die woord betekenissing is 'n vertaling van 'n konsep *signifiance*, deur Kristeva gebruik (vgl Barthes 1981:36) wat teenoor die begrip *significance* staan, wat op vaste of enkelvoudige betekenis dui.

'Teks' bestaan net by grasie van interpretasie. Die oomblik wanneer verskuiwing van betekenis of betekenissing plaasvind, is daar teks (vgl bv Felperin 1986:119). Die werk bestaan, is daar, waarneembaar. Maar as dit gelees word, raak dit teks, want dit word aan interpretasie onderwerp.

## 6. Konteks, teks en werk

Weens die operering van intertekstualiteit, en daarmee saam betekenissing, word die konteks van 'n teks natuurlik ook 'n onstabiele aangeleentheid. Immers, waar eindig 'n teks se tekstualiteit nou? Hoe kan bepaal word wat die grense van die konteks van 'n teks is?

Die interpreteerder is die enigste wat die afbakening kan maak. Maar hierdie afbakening kan slegs binne 'n werk geskied. Dit is die enigste fenomeen waarop die interpreteerder 'beslag kan lê'. Die interpreteerder kan die teks nie begrens nie, en dit lê dienooreenkomstig buite sy bereik om konteks vir die teks vas te stel (vgl in dié verband Derrida 1977:174 e v). Vir praktiese interpretasie kan die interpreteerder wel 'n afbakening maak, waarmee hy dus nie 'n inperking probeer plaas nie, maar die praktiese parameters vasstel waarbinne hy die werk wil interpreteer.

Natuurlik kan die interpreteerder van konteks praat, maar die konteks kan nie volledig omskryf word nie, alhoewel dit tog medebepalend is in die teksskepping, afgesien van die feit dat die grense daarvan nie bepaal kan word nie. Van ko-teks (*co-text* - vgl bv Deist 1982, waar die woord gebruik word) kan natuurlik nie in die dekonstruksie-verstaansraamwerk gepraat word nie, maar wel, of slegs van 'ko-werk'.

## 7. Tekstualiteit en outeursintensie

In 'n sin skep tekstualiteit natuurlik die gaping om die outeursintensie (betekenis as dit wat die outeur bedoel het om die lesers te laat verstaan) weer te red. Sekere dekonstruksioniste, by name die Yale-skool, waaronder De Man en Hillis Miller, lê inderdaad klem op die outeur en probeer 'groot skrywers' selfs 'rekanoniseer' (vgl Leitch 1983:96). Die dekonstruksioniste wil skrywers soos Chaucer, Spenser, Shakespeare, Milton en Wordsworth (kan Moses, Salomo, Paulus e a ingesluit word?) weer in ere herstel nadat die strukturaliste die klem weg van die outeur geneem het (Leitch 1983:96).

Tog behels disseminasie meer as net 'n stuit op outeursintensie. Hoewel dit mag voorkom asof die effek van tekstualiteit (en dus by implikasie intertekstualiteit) 'n 'complicity between the author and the reader' is, en dat die teks dan 'an invisible thread leading from the author's subjectivity to the reader's' is (Belsey 1980:127), is dit nie die geval nie. Die outeur maak wel 'n kwalitatiewe inset in die skep van betekenis in die teks, maar die produk is 'n omvattende resultaat waarvan die totaliteit van betekenis die intensie van die outeur oorskry. 'n Herontdekking van die outeursintensie sou dus niks meer kon wees as 'n greep op die disseminasie van die teks nie.

## 8. Interpretasie en tekstualiteit: veelvuldige betekenis

Wanneer die teks nou gelees word, is die implikasie van die inagneming van tekstualiteit natuurlik die inrekening van die volledige konnotatiewe betekenis-potensiaal van die teks. So 'n radikale tekstualiteitsteorie impliseer 'n legio moontlikhede van betekenis: betekenissing. Die betekenis van die teks word oor die geskiedenis van die teks heen versprei en uitgebrei, sodat die totaliteit van die betekenissing van die teks onvasvangbaar raak vir die interpreteerder. Hoe meer die teks dissemineer, hoe meer betekenismoontlikhede open vir die interpreteerder.

Met die teksopvatting van dekonstruksie raak objektiewe, bepaalbare betekenis onmoontlik. Die strukturalistiese ideaal van betekenisvasstelling raak 'n onmoontlikheid. Eweneens is die vasstelbare outeursbetekenis van die konserwatiewe geleerdes 'n onmoontlike doelwit om na te streef. Enkelvoudige betekenis word deur tekstualiteit verydel.

## 9. Interpretasie en tekstualiteit: die ironie

Ten spyte van die veelvuldigheid van betekenismoontlikhede wat die interpreteerder in die gesig staar as gevolg van die disseminasie van die teks, is die ironie dat die interpretasie-praktyk tog op betekenisvasstelling gerig is, en ook so 'n betekenis vind. Interpreteerders gaan wel so ver as om die moontlike betekenisse van 'n teks vas te stel, maar kies dan gewoonlik 'n betekenis volgens sekere oorwegings.

In hierdie opsig is Bybelse inter-preteerders geen uitsondering nie. Hoewel kommentare ingestel is op die uitwys van moontlikhede, kies hulle tog, op watter gronde ook al, 'n betekenis wat volgens hulle die beste sou inpas in 'n betrokke Bybelteks.

Dit sou in elk geval op sigself ironies wees indien die interpretasie-praktyk nie betekenis, hetsy enkelvoudig of meervoudig, as doel het nie. Interpretasie as sodanig behels die soeke na betekenis. In dié opsig mag die teksteorie van dekonstruksie selfs as bedreiging ervaar word. Maar betekenis word gesoek en gevind ten spyte van die wete dat die teks op so 'n manier dissemineer dat die werklike vind van finale of klare betekenis onmoontlik is.

Die vraag is natuurlik, indien die interpreteerder wel 'n betekenis vind, hoe hy te werk moet gaan en watter betekenis hy uiteindelik sal aanbied as die oplossing vir die teks waarmee hy besig is. As disseminasie as tekstuele kenmerk erken word, is die vraag of die betekenis van 'n spesifieke teks nie uiteindelik maar net die betekenis is van nog 'n ander teks wat in die geskiedenis van die disseminering van die teks lê nie.

De Man (1983:108) wys daarop dat tekste nooit dieselfde as ander sê nie (vgl ook Bloom 1979:9). Dit beteken dat elke teks ook 'n individuele skepping is, alhoewel dit vasgevang is in die proses van disseminasie. Elke teks verteenwoordig byvoorbeeld tog 'n unieke stel teken-relasies. Elke teks word deur 'n skrywer of skrywers geskryf in unieke omstandighede, selfs al sou net die temporele aspek as teken van verandering aangedui kon word. Elke teks gryp terug op ander tekste, lewer kommentaar op ander aspekte of sake in die samelewing. Hoewel elke teks dus 'n geskiedenis van disseminasie het wat sy betekenis(sing) bepaal, kan dit ook beskou word as unieke skepping, wat beteken dat daar ook die moontlikheid van unieke betekenis-uitdrukking by hierdie teks moontlik is. Dit beteken natuurlik weer nie dat die uniekheid van betekenis op enkelvoudige betekenis dui nie. Ook in die unieke teks kan van 'betekenissing' gepraat word.

## 10. Interpretasie en tekstualiteit:'n voorbeeld uit die Bybel

Alhoewel tot dusver hoofsaaklik oor tekste gepraat is sonder spesifieke verwysing na die Bybel, beteken dit nie dat die Bybel uitgesluit is van die kenmerke van tekstualiteit soos hierbo beskryf nie. Die Bybel is ook 'n teks. Dit verg ook interpretasie. Om die werking van tekstualiteit in die Bybel te illustreer, word Psalm 50 as voorbeeld uit die Bybel kortliks hier onder behandel. Hier word nie ingegaan op die volledige besonderhede van die eksegese van die psalm nie, maar net op 'n moontlike rekonstruksie van die disseminasie van die teks.

Psalm 50 word beskou as 'n parafrase van die dekaloog (vgl Von Rad 1938:21, asook Bos 1982:67; Würthwein 1952:13). Die verstaan van die psalm word dus eerstens beïnvloed deur die dekaloog, wat as historiese of intertekstuele verwysing as agtergrond vir die psalm gesien kan word. Maar die psalm self verteenwoordig 'n verstaan van die dekaloog in 'n sekere tyd. Die datering van die psalm is egter onseker. Dit maak immers 'n groot verskil indien die psalm uit die na-ballingskapstyd gesien word (Jeremias 1970:127), of indien dit met Mowinckel (1962:156) en Ridderbos (1969:223 e v) uit die tyd van Josia (agtste eeu v C) gesien word. Daarby word die psalm baie nou met die kultus van Jerusalem verbind (vgl o a Buss 1963:383; Johnson 1979:22; Kraus 1961:373 e v; Weiser 1962:393). Om die presiese *Sitz im Leben* van die psalm vas te stel, is dus klaar 'n probleem, en bemoeilik betekenisvasstelling deurdat die verstaan van die verbintenis met die kultus in Jerusalem tog sekerlik beïnvloed sal word deur die tydvak waarin hierdie verbintenis gemaak word. Maar die psalm word ook sterk verbind met profetiese toesprake, alhoewel Weiser (1962:393) meen die psalm verteenwoordig nie gewoon 'n floue namaaksel van profetiese toesprake nie. Maar met watter profetiese toesprake moet dit nou verbind word? En indien dít vasgestel kan word, watter invloed het profetiese retorika op die woordkeuse en uiteindelike oordeel oor die genre en betekenis van die psalm?

Verder word Psalm 50 verbind met Psalm 81 en Psalm 95. Jeremias (1970:125) meen die drie psalms behoort aan 'n genre van hul eie in die psalmboek. Die vraag is watter psalm die oudste is, en in hoe 'n mate die psalms mekaar beïnvloed wat betekenis betref.

Buss (1963:389) neem die intertekstuele verbintenisse van Psalm 50 nog verder as hy dit met Psalm 75 en Psalm 82 verbind. Hy meen Psalms 50, 75, 81, en 82 val in 'n groep van orakelpsalms.

Die eerste gedeelte van die psalm word met die Sinai-teofanie geskakel, waarmee dit baie nou ooreenkom (vgl bv Anderson 1972:382; Bos 1982:73). Die teofanie-tradisie word dus gebruik om die psalm in te lei. Die teofanie toon ook ooreenkomste met ander teofanieë met die gebruik van tipiese beskrywings wat eie is aan teofanietekste (vgl bv Jeremias 1965; Müller 1964).

Die verbintenisse tot dusver geskets, verteenwoordig egter maar nog net 'n eerste vlak van disseminasie (sien skets op p 32), aangesien dit verbintenisse is wat direk uit die huidige psalmteks afgelei kan word. In watter stadium van die resensie van die

psalm self die heengrype op tekste geskied het, is natuurlik ook onbepaalbaar. Dié feit werk mee in die onbepaalbaarheid van die presiese betekenis van die teks.

In die dekaloog, waarvan Psalm 50 skynbaar 'n parafrase is, kan egter ook disseminasie aangetoon word. Die disseminasie van die dekaloog word hier kortliks bespreek as 'n aanduiding van die manier waarop daar vir elke ander teks wat in die intertekstualiteit van Psalm 50 lê, disseminasie aangedui kan word. Die intertekstualiteit van die psalm bestaan dus uiteindelik uit 'n legkaart van tekste wat vormend meewerk in die skepping van die betekenis in Psalm 50.

Die dekaloog kom waarskynlik van 'n vroeëre teks (*Urdekalog*) wat heelwat korter was as die huidige teks van Eksodus 20 of Deuteronomium 5 (vgl bv Fensham 1977:126). Eksodus 20 en Deuteronomium 5 is afsonderlike resensies van die *Urdekalog* wat op 'n paar punte van mekaar verskil (vgl vir 'n vollediger bespreking Fensham 1977:126-127). Wat van belang is vir hierdie bespreking, is dat die disseminasie van die betekenis van Psalm 50 hiermee 'n verdere geskiedenis kry, sodat die werklike betekenis van die wette wat aangeraak word, nog verder versprei.


Oor die herkoms van die Israelitiese wette is daar nie sekerheid nie, maar ooreenkoms met die kasuïtiese wette van die Hettiete is opmerklik (vgl De Vaux 1973:147). Die vorm van sekere Hettitiese wette kom nou ooreen met die Israelitiese dekaloog. 'The (Hittite) treaties very frequently contain clauses introduced by "if", and also imperative clauses, as for example: "You shall keep the land which I have given you and shall not covet any territory of the land of Hatti". The form is like that of the Decalogue: 'You shall not covet your neighbour's house, etc. (Ex 20:17).' (De Vaux 1973:147; vgl ook Fohrer 1968:68 e v).

Om dus met inagneming van die intertekstualiteit van Psalm 50 *'n* betekenis as die finale betekenis van die psalm vas te stel, is onmoontlik. Wel kan daar 'n poging aangewend word om die betekenissing van die psalm af te skaal deur te kyk na die individualiteit van die teks van Psalm 50, en met inagneming van die individualiteit ten opsigte van die intertekstualiteit kan dan op betekenis vir die psalm besluit word. Natuurlik sal dit nie 'n finale betekenis wees nie, maar 'n poging om intertekstualiteit en indivi-dualiteit op so 'n manier te versoen dat 'n betekenismoontlikheid eie aan die psalm se oplossing aangegee word.

Die implikasie van 'n teksteorie soos hierbo geskets, is dat betekenisontdekking 'n komplekse saak raak deurdat die disseminasie van die teks die moontlikhede wat ondersoek moet word, gedurig vermeerder, en selfs oor die grense van genres heenvoer. Ten opsigte van al dié moontlikhede moet die eksegeet die individualiteit van uitdrukking in Psalm 50 bepaal voordat hy op betekenis kan besluit.

Die werkwyse van dekonstruksie bemoeilik dus die betekenisontdekking in die teks deur die opening van veelvuldige moontlikhede van betekenis in die teks. Die interpeteerder kan hierdie moontlikhede nie ignoreer deur te ontsnap in 'n enkelvoudige metode, soos konserwatiewe geleerdes met hul ontdekking van 'n outeursintensie waarin geglo moet word nie, of 'n 'objektiewe' metode soos die strukturalisme wat die intertekstuele kenmerke van die teks ignoreer deur net op die geskrewe teks voor die interpreteerder (die werk) te konsentreer nie.

Dekonstruksie noodsaak die gebruik van interpretasie-aktiwiteite tot die beskikking van die interpreteerder: genrekritiek, sosiologiese interpretasie, strukturalisme, ens. Die moontlikhede is baie, maar alleen die volledige eksploitasie van hierdie moontlikhede kan die interpreteerder in staat stel om 'n verantwoordelike oordeel oor die betekenis van die teks te vel.



## BIBLIOGRAFIE

Anderson, B W 1972. *Psalms. Vol 1.* London: Marshall, Morgan & Scott.

Armerding, C 1983. *The Old Testament and criticism.* Grand Rapids: Eerdmans.

Barr, J 1980. Childs' introduction to the Old Testament as Scripture. *Journal for the Study of the Old Testament 16*, 12-23.

Barthes, R 1981. Theory of the text. Young, R (ed) *Untying the text. A post-structuralist reader.* London: Routledge & Kegan Paul, 31-47.

Belsey, C 1980. *Critical practice.* London: Methuen.

Blenkinsopp, J 1980. A new kind of introduction: Professor Childs' introduction to the Old Testament as Scripture. *Journal for the study of the Old Testament 16*, 24-27.

Bloesch, D 1980. The sword of the Spirit the meaning of inspiration. *Themelios 5*, 14-19.

Bloom, H 1979. The breaking of form, in Bloom, H et al, *Deconstruction and criticism*. London: Routledge & Kegan Paul, 1-37.

Bos, J W H 1982. Oh, when the saints: a consideration of the meaning of Psalm 50. *Journal for the Study of the Old Testament 24*, 65-77.

Bovon, F 1974. French structuralism and biblical exegesis. Barthes, R et al (eds) *Structural analysis and biblical exegesis. Interpretational essays.* Pittsburgh: Pickwick, 4-20.

Brown, R E 1980. The meaning of the Bible. *ThD 28*, 305-320.

Buss, M J 1963. The psalms of Asaph and Koran. *JBL 82*, 382-392.

Crossan, J D 1977. Perspectives and methods in contemporary criticism. *Interp 32*, 269-285.

Culler, J 1975. *Structural poetics. Structuralism, linguistics and the study of literature.* London: Routledge & Kegan Paul.

1983. *On deconstruction. Theory and criticism after structuralism.* London: Routledge & Kegan Paul.

Deist, F E 1983. Again: method(s) of exegesis. Reflections on text and reality. *Old Testament essays, vol 1* (ser 1), 73-88.

De Man, P 1983. *Blindness and insight. Essays in the rhetoric of contemporary criticism.* (2nd ed.) London: Methuen.

Derrida, J 1973. Positions II. *Diacritics 3*, 33-46.

1977. Signature event context. *Glyph 1*, 172-197.

1979. Living on: border lines, in Bloom, H et al, *Deconstruction and criticism*. London: Routledge & Kegan Paul, 76-116.

De Saussure, F 1961. *Course in general linguistics.* London: Owen.

Detweiler, R 1978. *Story, sign, and self. Phenomenology and structuralism as literary critical methods.* Philadelphia: Fortress.

De Vaux, R 1973. *Ancient Israel. Its life and institutions.* London: Darton, Longman & Todd.

Donato, E 1974. Of structuralism and literature, in Macksey, R (ed), *Velocities of change. Critical essays from MLN.* Baltimore: Johns Hopkins University Press, 153-178.

Felperin, H 1986. *Beyond deconstruction. The uses and abuses of literary theory.* Oxford: Clarendon.

Fensham, F C 1977. *Exodus.* (2e druk.) Nijkerk: Callenbach. (POT)

Fohrer, G 1968. *Introduction to the Old Testament.* London: SPCK.

Hillis Miller, J 1974. The antitheses of criticism: reflections on the Yale Colloquium, in Macksey, R & Donato, E (eds), *The structuralist controversy. The language of criticism and the sciences of man.* Baltimore: Johns Hopkins University Press, 138-152.

Jefferson, A 1982. Structuralism and post-structuralism, in Jefferson, A & Robey D (eds), *Modern literary theory. A comparative introduction.* London: Batsford academic and educational press, 84-112.

Jeremias, J 1970. *Kultprophetie und Gerichtsverkündigung in der späten Königszeit Israels.* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

Johnson, A R 1979. *The cultic prophet and Israel's psalmody.* Cardiff: University of Wales Press.

Johnson, E 1984. Author's intention and biblical interpretation, in Radmacher, E D & Preus, R D (eds), *Hermeneutics, inerrancy and the Bible.* Grand Rapids: Zondervan, 409-437.

King, J N 1973. Radical form criticism - modern myth? *ChrTo*, 772-775.

Klooster, F H 1984. The role of the Holy Spirit in the hermeneutic process: the relationships of the Spirit's illumination to biblical interpretation, in Radmacher, E D & Preus, R D (eds), *Hermeneutics, inerrancy and the Bible.* Grand Rapids: Zondervan, 451-472.

Kraus, H J 1961. *Psalmen.* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag. (BK.AT)

Landes, G M 1980. The canonical approach to introducing the Old Testament: prodigy and problem. *Journal for the Study of the Old Testament 16*, 32-39.

Leitch, V B 1983. *Deconstructive criticism. An advanced introduction.* London: Hutchinson.

Lyons, J 1973. Structuralism and linguistics, in Robey, D (ed), *Structuralism. An introduction.* Oxford: Clarendon, 5-19.

Maren-Grisebach, M 1970. *Methoden der Literaturwissenschaft.* München: Francke.

Mowinckel, S 1962. *The psalms in Israel's worship. Vol 1.* Oxford: Blackwell.

Murphy, R E 1980. The Old Testament as Scripture. *Journal for the Study of the Old Testament 16*, 40-44.

Nida, E A 1972. Implications of contemporary linguistics for biblical scholarship. *JBL 91*, 73-89.

Ray, W 1984. *Literary meaning. From phenomenology to deconstruction.* Oxford: Blackwell.

Riddel, J N 1979. From Heidegger to Derrida to change: Doubling and (poetic) language. Spanos, W V (ed), *Martin Heidegger and the question of literature. Towards a postmodern literary hermeneutics*. Bloomington: Indiana University Press, 231-252.

Ridderbos, N H 1969. Die Theophanie in Ps L 1-6. *OTS 15*, 213-226.

Sheppard, G T 1974. Canon criticism: The proposal of B Childs and an assessment for evangelical hermeneutics. *Studia Biblica et Theologica 4*, 3-17.

Thompson, J B 1981. *Paul Ricoeur. Hermeneutics and the human sciences. Essays on language, action and interpretation.* Cambridge: Cambridge University Press.

Ullman, S 1965. *The principles of semantics* (2nd ed). Oxford: Blackwell.

Von Rad, G 1938. *Das formgeschichtliche Problem des Hexateuchs.* Stuttgart: Kohlhammer.

Weiser, A 1962. *The psalms. A commentary.* London: SCM. (OTL)

Würthwein, E 1952. Der Ursprung der prophetischen Gerichtsrede. *ZThK 48*, 1-16.

Young, R 1981. Post-structuralism: an introduction, in Young, R (ed), *Untying the text. A post-structuralist reader*. London: Routledge & Kegan Paul, 1-28.